Winterskool 2017

Ek het die Winterskool van 2017 bygewoon waar ons meer van jag en die veld geleer het. Ons het elke dag unieke “ klasse “ gehad waar meer ervare persone vir ons kom leer het van hul spesialiteitsvelde. Elke dag was iets nuuts en opwindened. Dit was tonne pret met die praktiese oefeninge soos “ candle shooting “ en kleiduif skiet. Ons instrukteers was ook lekker grap gatte : toe elke groep n eier moes kook sonder n stoof of firelighters het hulle ons klaar gaar eiers om geruil met rou eiers en ons laat stress vir goeie paar minute. En dan is daar die nagmars , as jy nie geluister het hoe die Suider Kruis werk nie is jy in diep moeilikheid en stap jy dalk die hele nag deur. Die kamp was baie lekker en die terrein en plaas self was awesome. Aan die einde kon ek my eie springbok skiet en slag , n bloederige affere maar nou het ek chillybites vir n maand.

“ Everyday is a day to hunt , not everyday is a day to kill. “ se oom Neville, my mentor op die jagtog.

Jaggroete Gerda

My ervaring van die winterskool:

Dis daai eerste oggend wat mens 5uur wakker gemaak word met jakkelse wat sommer binne in jou tent is, wat ‘n mens lus maak vir wat voorlê.

Die Winterskool is n wonderlike ervaring en enige iemand wat dit durf, sal beslis nie spyt wees nie! Van kleiduif skiet tot lesings bywoon en self n praktiese demonstrasie van “Caping”. Nie gepraat van die groot hoeveelhede kennis wat jy moet inneem en kort toetsies voor die eksamen doen. Seker een van die lekkerste dele van die Winterskool is die snaakse karakters wat n mens ontmoet en dat ‘n mens soveel pret saam het.

Glo my, om ‘n week sonder jou foon te gaan raak soms ‘n bietjie moeilik, maar dankse al die opwindende takies vergeet jy sommer gou dat jy een het.

Winterskool was lekker en een vergeetlose week!